OOS-RAND AKADEMIE

Geregistreerde Nie-Winsgewende Organisasie ingevolge Wet 71 van 1997
NPO/NWO Reg. 009-714

TEL: 011 396 3316 & 011 396 3317
FAKS: 086 455 2803
SEL: 076 091 9918 HOOF
E-pos: ontvangs@oos-randakademie.co.za
Web-tuiste: www.oos-randakademie.co.za

Posbus 10926
ASTON MANOR
1630
Maplestraat 72
POMONA

Oos-Rand Akademie Visie en Missie

Leuse:

Reik hoog

Visie:

Die visie van Oos-Rand Akademie is om binne die konteks van 'n veelrassige en multi-kulturele Suid-Afrikaanse samelewing, vanuit Christelike en Afrikaans-sprekende milieu, leerders, elkeen na sy of haar persoonlike belangstelling en vermoeë, akademies en sosio-kultureel dit te bied wat tot 'n sinvolle persoonlike lewe en 'n positiewe bydrae tot opbou van Suid-Afrika en sy mense kan lei.

Missie:

Oos-Rand Akademie beoog om die gestelde visie deur die volgende te verwerklik:

1. Moedertaal onderrig vir alle leerders op primêre en sekondêre vlak in die onderwysstelsel word voorgestaan en aangemoedig – Afrikaans dus as voertaal in die onderrig aan die Oos-Rand Akademie.

2. Die aanbieding en bestuur van 'n goedbeplande lewensoriënteringsprogram.

   i) Leerders volgens Bybelse beginsels op te voed en aan te moedig om vir 'n Christelike waardesisteem en lewenswyse te kies.
   ii) Die waardes van die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika te propageer. Met die oog op verantwoordelike burgerskap klem te lê op die grondbeginsel en lewensreël dat die individu verantwoordlikheid vir sy eie gedrag aanvaar en dat sy vryheid en regte gepaard gaan met verantwoordelikhede en die inagneming van ander se regte.
   iii) Die erkenning dat elkeen die reg het om persoonlike keuses te maak, as mens respekteer te word en dus menswaardig behandel te word.
   iv) Vertroue en lojaliteit verdien word deur eerlik, opreg en openhartig op te tree- teenoor mekaar en teenoor almal wat ons paaie kruis.
   v) Leerders aan te moedig om optimaal tot selfdenkende en afgeronde individue te ontwikkel.

3. Goed opgeleide en gekwalifiseerde onderwysers wat toegerus is met die nodige geestelike kwaliteit en lewensgesteldhede.

   i) Van opvoeders word verwag om integriteit, lojaliteit, repsek, eerlikheid, diensbaarheid, vriendelikheid en betroubaarheid voor te leef.
   ii) Van opvoeders word verwag om ten alle tye professioneel op te tree en aan te trek, voorbereid klas toe te kom, kwaliteit lesse, take, toetse en vraestelle aan te bied en hul administratiewe verpligtinge stiptelik en met toewyding af te handel.

4. Deur van leerders te verwag om verantwoordelikheid te neem vir hulle akademiese werk terwyl selfwerksaamheid en selfbestuur aangemoedig word.

5. Motivering van ouers en die gemeenskap om deurlopend hulle verantwoordlikhede ten opsigte van die skool- en skoolaktiwiteite te aanvaar en positief daarby betrokke te bly.

6. Gemeenskapdiens op plaaslike vlak aan te moedig en te beoefen.

   i) Om 'n bewussyn te kweek dat Oos-Rand Akademie deel is van die plaaslike gemeenskap en, getrou aan sy aard as onderwysinstelling, in diens staan van die gemeenskap-"gemeenskap" verstaan as breër as net die Afrikaans-sprekende gemeenskap.